**Stories of Fathers, Stories of the Nation: Fatherhood and Paternal Power in South African Literature.**
Grant Andrews.
Pietermaritzburg: UKZN Press, 2021. 311 pp.
ISBN 978-1-86914-478-4.

Grant Andrews se *Stories of Fathers, Stories of the Nation* (2021) is 'n chronologiese analise van enkele Suid-Afrikaanse tekste waarin spesifiek narratiewe oor vaders op die voorgrond geplaas word. Andrews benut die nuwe historisisme en genderstudies om intensief om te gaan met die uitbeelding van aspekte van die vaderfiguur. Andrews beweeg met sy teoretiese bespreking weg van wat maklik net in 'n breë oorsig van Suid-Afrikaanse literatuur kon verval, en voeg in elke hoofstuk eerder tot 'n verrykende gesprek toe oor enkele romans wat kenmerkend van sig era is. Die hoofstukke is ingedeel volgens 'n chronologiese tydlyn met apartheid as die fokuspunt: romans wat met die opkoms van apartheid verskyn het, romans tydens apartheid, die oorgangsliteratuur van die 1990's tot vroeë 2000's, en die meer onlangse post-oorgangsromans.

Benewens vir 'n chronologiese, politiese tydlyn, kategoriseer Andrews elke hoofstuk verder deur te fokus op, byvoorbeeld, die opstand en onderdrukking van dogters, of die uitbeelding van seuns wat die patriargale narratiewe van hul vaders voortbou of uitdaag. Andrews skenk ook aandag aan die invloed van ruimte, kapitalisme, en geloof op die uitbeelding van vaders. *Stories of Fathers, Stories of the Nation* ontvou gevolglik in 'n uiters gefokusde lees van romans soos *Cry the Beloved Country*, *In the Heart of the Country*, *Burger's Daughter*, *The Smell of Apples*, *The Quiet Violence of Dreams* en *Men of the South* waardeur 'n verskeidenheid temas verbind word met die romans se omgang met patriargale figure en die narratiewe daar rondom. Hierdie stiplees lei die leser van Andrews se boek om patrone te identifiseer wat ook in ander Suid-Afrikaanse tekste teenwoordig is, en Andrews verseker in sy inleiding en konklusie dat sy gekose tekste vergelykend in gesprek tree met die breër Suid-Afrikaanse kanon, en met internasionale narratiewe. Andrews verbind byvoorbeeld die temas wat in Suid-Afrikaanse literatuur teenwoordig is met verhale oor Zeus en Ask uit die Griekse en Noorse mitologie, onderskeidelik, en die Bybelse Jesus en Adam.

Andrews fokus in sy tweede hoofstuk alleenlik op Alan Paton se *Cry the Beloved Country*. Dit wil ook voorkom of Andrews Paton se werk as wegspringpunt benut waarmee die ander daaropvolgende tekste vergelyk word. In sy analise van *Cry the Beloved Country* voer Andrews aan dat nasionalistiese figure soos D. F. Malan ook figureer as paternalistiese, godsdienstige leiers, en hy analiseer spesifiek die mag van godsdienstige narratiewe wat in dié teks verweef is. Hy kyk ook na die konflik tussen landelike kultuur en stedelike kapitalisme wat elk sig eie patriargale strukture daarstel, en die moederlike figuur wat paternale mag moontlik kan destabiliseer. Hoewel daar aangevoer kan word dat *Cry the Beloved Country* kenmerkend is en as voorbeeldteks dien van pre-apartheidsliteratuur, sou die analise hier kon baat by 'n vergelyking met ander tekste, soos Thomas Mofolo se *Chaka* (1925) of C. M. Van den Heever se *Laat vrugte* (1939), veral omdat Paton se teks dien as vergelykingspunt vir Andrews se analise van die daaropvolgende politieke eras se narratiewe.

In Andrews se derde hoofstuk word die onderdrukking van die dogter se stem in apartheidsliteratuur geanaliseer. Hierdie hoofstuk het 'n breër strekking as die tweede een, en betrek beide J. M. Coetzee se *In the Heart of the Country* en Nadine Gordimer se *Burger's Daughter*. Andrews fokus in sy analise op die narratief wat oor die dogter gekonstrueer word, en die sistematiese onderdrukking van die dogter wat verhoed dat sy, soos die seun, die vaderfiguur se mag kan oorneem en erf. Andrews voer aan dat, omdat die leser in hierdie romans die dogter se stem hoor, of empatie met die dogter se stryd het, die dogter as 'n wapen van uitdaging teen die patriargale stelsel van apartheid kan funksioneer—soos die moederlike narratiewe in Paton se roman.

In die daaropvolgende hoofstukke analiseer Andrews ook die plek van die vrou binne latere Suid-Afrikaanse romans waarin vaderfigure sentraal geposisioneer is, en mens sou ook sy analise as voorbeeld kon benut om ander tekste, soos Carin Krahtz se *Blou is nie 'n kleur nie* (2017), te analiseer. In Krahtz se jeugroman vertel die dogter, Vicky, oor die verbrokkeling van haar gesin. Die vader se drankprobleem en woede-uitbarstings word in hierdie roman gekontrasteer met die alewig afwesige, werkende moeder. Molestering en verkragting, asook die landskap (spesifiek die koloniale simbool van

die dooie voorstedelike grasperk), word simbolies vir die verbrokkeling van hegemoniese manlikheid en patriargie in 'n post-apartheid era. Andrews spreek ook die plaasromantradisie, en dus die noue verbintenis tussen landelik en stedelike ruimtes met die uitbeelding van manlikheid en mag, aan. Ek dink dit sou van waarde wees om Andrews se teorie en stipleesmetode toe te pas op plaasromans om hierdie aspekte verder te bestudeer in veral die Afrikaanse literatuur.

Dit blyk uit Andrews se analise van oorgangsliteratuur dat juis bloedskande, verkragting en molestering, asook die verbintenis daarvan met homoseksualiteit, prominent in Suid-Afrikaanse literatuur na vore kom, met spesifieke verwysing na *The Smell of Apples*. Mens sou hierby byvoorbeeld ook Marlene van Niekerk se *Triomf*, of Elbie Lotter se *Dis ek, Anna* kon betrek.

Wat blyk uit Andrews se intensiewe analise van enkele Suid-Afrikaanse tekste, is die maghebbende rol wat temas oor en narratiewe van die vaderfiguur in Suid-Afrikaanse tekste speel. Dit sou interessant wees om hierdie literêre tendens te vergelyk met ander letterkundes, soos dié van Namibië of Suid-Amerika, asook met Nederlandse *migrantenliteratuur*. Grant Andrews se boek, en spesifiek sy stiplees van die narratiewe oor die vaderfiguur, is 'n belanghebbende bron wat hopelik lei tot verdere studies oor ander tekste in die Suid-Afrikaanse literatuur.

**Delia Rabie**
**deliarabie@gmail.com**
**Universiteit van Pretoria**
**Pretoria, Suid-Afrika**
ORCID: https://orcid.org/0000-0002-4477-6447

DOI: https://doi.org/10.17159/tl.v59i1.12721